Die Groot Storie

‘n Oorsig oor die Bybel

Notas

Inleiding:
Verstaan jy wat jy lees? Hoe lees jy die Bybel in jou eie stilte tyd?

Lees Hand 8:26-35.
30 Hy vra toe vir hom: **“Verstaan u wat u lees?”**
35 **Filippus het by hierdie Skrifgedeelte begin en die evangelie oor Jesus aan hom verkondig.**

Ons kan dus die Bybel soms lees sonder om die fokus van die boodskap te hoor. Maar wat is die hart van die boodskap van die Bybel?

Lees Luk 24:27 en 44
27 **Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.**

44 Daarna sê Hy vir hulle: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is.”

Jesus Christus wys self wat die fokus van die Bybel is – Hy is die fokus van die hele Bybel.
As ons die Bybel dus beter wil verstaan, moet ons hierdie fokus hou. Kom ons stel vir onsself die volgende doelwit vir die volgende 6 weke.

Doelwit:
Ons wil Jesus Christus leer ken, verkondig en lief hê in en deur die hele Bybel.

Die sleutel:
Om hierdie doelwit te bereik is daar een sleutel wat vir ons die hele Bybelse boodskap oopsluit – die Koninkryk van God. Dit is dieselfde sleutel wat Jesus Christus self gebruik het om aan sy volgelinge die Bybelse boodskap in perspektief te plaas. Sy optrede begin met die Woorde: “Bekeer julle want die Koninkryk van God/die hemele het naby gekom!” Matt 3:2 en ander.

Deel 1: Die Model van die Koninkryk

Lees Gen 1:1-25

Watter frases word herhaal in die hoofstuk 1?

Wat vertel dit ons oor hoe die wêreld gemaak is?

Wat vertel dit ons oor hoe die mens gemaak is?

Wat vertel dit ons oor hoe die Een is wat dit gemaak?
Lees ook Psalm 95:3-7

Lees Gen 1:26-31

Hoe verstaan jy die uitdrukking: "Die appel val nie ver van die boom af nie"?

Lees Gen 2:1-25

Wat het die sewende dag anders gemaak as die vorige ses?

Wat hoor ons oor die verhouding tussen man en vrou?

Wat hoor ons oor die verhouding tussen God en die mens?

Wat hoor ons oor die verhouding tussen mens en skepping?

Lees Hebreër 4:9-11

Wat beteken dit om in God se rus in te gaan?

Lees Openbaring 22:1-5

Watter ooreenkomste sien jy tussen die tuin van Eden en die hemel?

Die Model van die Koninkryk

God se mense	God se plek	God se regering en sy seën